**SKRIFLESING:** Rom 12:1-8
**TEMA:** My geskenk aan die Here.

Om persente met Kersfees te kry, is vir elkeen van ons ‘n hoogtepunt. Daar is min dinge wat so lekker is as om ‘n geskenk oop te maak. Maar watter geskenk kan elkeen van ons vir die Here gee?

Op die aand van Jesus se geboorte kom daar sterrekykers, ook wyse manne genoem, by die stal aan. Hulle was waarskynlik heidene. Hulle bring vir Jesus drie persente: goud, wierook en mirre. Dit is geskenke wat pas by wie Jesus is.

**Goud**
Goud was in daardie tyd ‘n redelik algemene metaal, dit was maklik bekombaar en min en of meer orals beskikbaar. Maar ten spyte daarvan, het al die goud wat in ‘n land ontgin is, aan die koning behoort, want hy het die grond besit. Met ander woorde, niemand kon regtig enige goud besit het sonder dat hy dit van die koning gekoop het nie. Goud en konings was sinoniem. Daarom het die konings dit aan mekaar as geskenke gegee uit erkenning vir wie hulle is. Die goud wat die wyse manne gehad het, sou maar baie min gewees het. Dalk in die vorm van muntstukke of een of twee goudklontjies of dalk goudpoeier. Hulle bring dus dit wat aan die koning behoort en met konings geassosieër is, na Jesus toe.

**Wierook**
Wierook is gemaak van die afskeiding van sekere bome. En hierdie afskeiding het baie lekker geruik. Mense het dit bymekaargemaak en op warm klippe of kole gepak en dan het die wierook begin smeul en het die vertrek baie lekker geruik. Dit was ‘n baie waardevolle besitting om te hê, maar veral belangrik omdat dit gebruik is in godsdienstige handelinge. As jy êrens ingestap het en jy het wierook geruik, dan was die kans baie goed dat die mense van die huis besig was met aanbidding. Dit was die gebruik dwarsdeur die bekende wêreld van daardie tyd. Wierook pas by die aanbidding van God.

**Mirre**
Mirre is ‘n interessante ding. Ons ken dit nie regtig nie. Mirre is die gedroogde sap van spesifieke bome. Dit was ontsettend waardevol, dikwels was dit baie meer waardevol geag as byvoorbeeld goud. Een van die redes hiervoor was dat mense mirre gebruik het rondom begrafnisse en die dood. Hulle het die dooie mense se liggame met ‘n olie gesmeer wat van mirre gemaak was. Dit het gehelp dat die liggaam nie sleg ruik nie. Dit was dus ‘n tipe balsem-olie, maar is ook gebruik as ‘n medisyne-middel. Die mense het agtergekom dat mirre sekere eienskappe bevat wat mense laat beter voel as hulle siek is. En vandag nog word dit as ‘n antiseptiese middel gebruik in dinge soos tandepasta en mondspoelmiddels.

Mirre, is gebruik as medisyne en dit was die middel wat sentraal gestaan het in die rituele en gebruike rondom die dood van geliefdes.
En hier sit Josef en Maria in 'n eenvoudige stal en wyse manne bring na baba Jesus gepaste presente van goud, wierook en mirre.
Terwyl heidene aan Jesus eer bring, soek Herodus die babatjie om hom dood te maak. En die Jode staan skepties teenoor die geboorte van die sogenaamde Messias.
Watter gepaste geskenk kan ek en jy vandag aan ons Koning gee?

Ons vind die antwoord in Romeine 12:1-8. In die Boodskap lees ons in die laaste deel van vers 1 : "'n Lewe wat voltyds afgesonder is vir Hom is presies waaroor godsdiens gaan."

God het ons lief. Hy het ons so lief dat Hy sy enigste Seun aarde toe stuur en Hy 'n mens word. Hy is gebore in 'n krip, Hy het ons sonde op Hom geneem en in ons plek gesterf aan 'n kruis. Hy het opgestaan uit sy graf. Hy leef en ons met Hom.

Ek kan nie anders as om, uit dankbaarheid, myself as gepaste geskenk aan Hom te gee as 'n lewende en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is nie. Die Here soek nie jou goed nie, Hy soek vir jou.

In 1 Sam 15:22 lees ons: "Maar Samuel antwoord: "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme."
In Ps 40:7 skryf Dawid: "Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie, nie brandoffers of sondeoffers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê.

Die enigste gepaste gekenk wat ons aan die Here kan gee, is ons hele lewe. Ons gee ons lewens eenmalig, maar ook daagliks hoe langer hoe meer aan Hom oor. Martin Luther het gesê: "Al is Jesus 'n duisend maal in Betlehem gebore en nie in jou hart nie, dan is dit 'n nuttelose gebeurtenis." Hy moet daagliks in ons hart gebore word.

Dan verander Hy ons denke deur sy Woord en Gees sodat ons sy wil al beter sal ken en doen.

Hy verander ons ganse lewens sodat ons Hom 24/7 dien. Iemand sê vir my hierdie week dat ons 'n groot fout maak as ons dink dat ons die Here net vir een erediensuur kan dien. Hy sê dat ons ons kuier by 'n braaivleisvuur moet kan opneem en dit in die erediens moet kan terugspeel. Dan dien ons die Here.

'n Lewende verhouding met die Here is nie 'n stukkie toneelspel of om 'n paar goeie werke te doen nie, dit is om jouself met alles wat jy is en het aan Hom as geskenk te gee.

En jy kan nie op jou eie in 'n lewende verhouding met die Here staan nie. Individualisme en privatisering is een van die kenmerke van Postmodernisme wat ook in die kerk sigbaar word. Ons kan nie beweer dat ons die Here liefhet, maar nie sy liggaam nie. Wie aan die Here behoort, behoort ook aan die gemeente as sy liggaam.

Saam dien ons die Here en maak Hom so sigbaar in die wêreld. Ons dien ook mekaar met die gawes wat die Here vir ons gee. Die lys van gawes in Rom 12 is maar 'n paar gawes. Hier lees ons van die volgende gawes wat almal 'n ewe belangrike rol speel in die liggaam van Christus: Profesie, om die Woord bekend te maak; diens; onderrig; bemoediging; om te gee sonder bybedoelings; om leiding te gee met toewyding en om met blydskap ander in nood te help. Ons lees van meer gawes in 1 Kor 12, Efes 4 en 1 Pet 4.

Kom ons gee op Kersfees aan Hom wie se geboortedag ons vier, 'n gekenk. Die geskenk wat Hy die graagste wil hê is dat ons onsself opnuut weer as gepaste geskenk aan die Here en aan mekaar sal gee.
Amen